


# Maak vriende buite jou kliek

Hierdie werkblad sal jou help om (1) te sien wie jou goeie vriende is en (2) te sien hoe jy ook met ander mense vriende kan maak.

**Waarom dit saak maak:** Wanneer jy mense nie toelaat om deel van jou groepie vriende te word nie, kan dit keer dat jy goeie vriendskappe begin wat die moeite werd is.

**1** Skryf die name neer van jou beste vriende in die oop spasies in die binneste sirkel.

**2** Skryf die name neer van mense wat jy graag beter wil leer ken in die oop spasies in die buitenste sirkel.



“As jy net vriende is met mense wat soos jy is, kan dit keer dat jy vriende maak met mense van verskillende ouderdomme en agtergronde. Dit kan selfs keer dat jy jou persoonlikheid verbeter.”  
—Melinda.

## Wie kan jy beter leer ken?

Kyk na die lys, en kies drie eienskappe wat vir jou belangrik is in 'n vriend. As jy aan nog 'n paar eienskappe kan dink, skryf dit in die oop spasies.



Eerlik

Verantwoordelik

Op tyd

Georganiseerd

Positief

Onpartydig

Vrygewig

Hardwerkend

Selfbeheersing

.....

.....

.....

.....

Skryf nou die name neer van mense met die eienskappe wat jy gekies het. (Hulle hoef nie dieselfde ouderdom as jy te wees nie.)

.....

.....

# VOORDELE EN NADELE



Watter nadele kan daar dalk wees as jy iemand buite jou kliek beter leer ken?

.....

.....

.....



Watter voordele kan daar dalk wees?

.....

.....

.....

## WATTER RAAD SAL JY GEE?

“Ek kom agter dat ek gewoonlik met dieselfde groep vriende praat. Ek praat ook met ander mense, maar as ek my weer kom kry, is ek terug by dieselfde groepie vriende. Ek dink dat jongmense soos ek baie keer bang is dat ander hulle nie sal aanvaar nie. Daarom probeer hulle nie nuwe vriende maak nie.”  
—Emily.

Watter raad sal jy vir Emily gee om haar te help om nie bang te wees om nuwe vriende te maak nie?

.....

.....

.....

.....